

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 Desember 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 81:11, 12 (p. 413)

- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smee / mild'lik en oorvloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 135:1, 2 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.
- 2 Loof die HEER se goedheid luid, / al wie in sy voorhof kom!
Want Hy kies vir Jakob uit, / Is'rel tot sy eiendom.
Bo al wat die mens vereer – / groot, dit weet ek, is die HEER.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 143:1, 2 (p. 688)

- 1 O HEER, ek roep, hoor my gebede. / Daar is in my geen stilte of vrede!
Ek smee tot U, o hoor my nou! / Ek pleit op u geregtighede,
en ek verlaat my op u trou.
- 2 Ag, reken met u kneg nie af nie, / en wil my na u wet nie straf nie;
want niemand wat voor U bestaan, / kan pleit- of regsgrond ooit verskaf nie,
dat hy u vonnis sou ontgaan.

Gebed

Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Skriflesing: Rigters 7:19-8:35

Kernverse: Rigters 8:23, 33-34

Maar Gideon antwoord hulle: Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die HERE sal oor julle heers.

Maar net toe Gideon dood was, het die kinders van Israel weer die Baäls agternagehoereer en van Baäl-Berit vir hulle 'n god gemaak. En die kinders van Israel het nie gedink aan die HERE hulle God wat hulle uit die hand van al hul vyande rondom gered het nie.

(Rigters 8:23, 33-34 AFR53)

Tema: Moenie die Here se agenda kaap vir jou eie agenda nie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die werkwoord *kaap* het 'n alledaagse woord geword in die gesprekke van Suid-Afrikaners. Aanvanklik het ons die woord leer ken omdat booswigte niksvermoedende motoriste se motors gekaap het. Die een oomblik is jy nog in beheer van jou motor en binne 'n oogwink is 'n booswig in beheer van jou motor, want hy het jou met sy vuurwapen uit jou motor gedwing.

In die afgelope vier jaar het ons agtergekom dat booswigte nie net motors kaap nie. Daar is booswigte onder die mense wat die land regeer en in belangrike posisies van staats-instellings is. Hierdie booswigte het die staat gekaap. Wetstoepassers se hande is lamgelê. Miljarde rande het in die sakke en rekenings van mense beland wat nie 'n flenter omgee vir die land nie. Dit is verstommend wat hierdie booswigte in so 'n kort tydjie aangevang het. In plaas daarvan dat die aangewese mense in beheer was van sake het skelms die sê gekry. Ons hoor nog elke dag van die slegte nagevolge van hierdie staatskaping. En daar is baie mense wat bitter swaar kry as gevolg daarvan.

Maar dit is nie net 'n motor of 'n onderneming of 'n staat wat gekaap kan word nie. In die afloop van die tydperk wat Gideon as die rigter opgetree het, sien ons iets skrikwekkends gebeur. Gideon wat so swak was en in wie die krag van die Here tot volle ontplooiing gekom het, is nou sterk in sy eie oë en hy verdring die Here. Gideon het die Here se agenda gekaap en sy eie agenda opgestel.

Broers, susters en kinders, die staatskaping waarvan die koerante en nuusberigte nou vol is, het so ongemerk begin. Daar het klein veranderinkies plaasgevind in die begin. Sommige mense het ongemaklik gevoel oor die veranderings, maar hulle kon nie dadelik sê wat verkeerd is nie. Die meeste van ons was in 'n groot mate onbewus van wat aan die gang is totdat die een ding na die ander verkeerd begin loop het. En noudat al meer ongerymd-hede op die lappe kom, kan 'n mens nie glo dat daar so ver afgewyk kon word van die regte pad nie.

Wanneer 'n mens die geskiedenis van Israel in die tyd Gideon vanaf Rigters 6 lees, verloop daar baie dinge waaraan 'n mens nou al gewoon geraak het in die tyd van die rigters. Ons ken mos nou al die patroon – Israel doen wat verkeerd is in die oë van die Here, die Here gee sy volk oor in die mag van 'n vyandige volk wat Israel vir 'n tyd lank verdruk; dan roep Israel benoud na die Here om hulp en Hy wek 'n rigter op wat sy volk verlos; en vir solank as wat die rigter leef gaan dit redelik goed met Israel, maar sodra die rigter sterf, begin alles van vooraf.

Kom 'n mens egter aan die einde van Rigters 8 frons jy en vra jouself: Maar wat het dan nou gebeur? Hoe het dit gekom dat Israel selfs nog in die leeftyd van Gideon ontrou geword het aan die Here? Hoe kan dit wees dat Israel hulleself weer in afgodery bevind en Gideon 'n leeuendeel aan hierdie ontrou van Israel het? Alles het tog so goed begin – Gideon en Israel het self gesien dat hulle geheel en al net hulle vertrou in die Here moet stel. Dit is Hy wat die verlossing vir sy volk bewerk. Sy diensknegte moet net gehoorsaam doen wat die Here sê dan gaan alles goed. Dit wat 'n mens in Rigters 8 lees is myle ver van wat jy in Rigters 7 gelees het.

Hierdie verandering in die omstandighede – en dit moet 'n mens goed oplet – is nie omdat die Here nie meer sy belofte nakom nie. Toe die Here vir Gideon as rigter geroep en aangestel het, het Hy belowe dat Hy met Gideon sal wees en Hy die Midianiete in die hand van Gideon sal oorgee. Die Here vervul hierdie belofte dwarsdeur totdat die twee

konings van die Midianiete ook doodgemaak is. Die verandering in die omstandighede het gekom as gevolg van Gideon se eie optrede.

Baie mense sal sê dat Gideon goed gedoen het. Daar het progressiewe vordering in Gideon gekom en hy het homself laat geld. Hy het uiteindelik in die oë van die wêreld 'n ware leier geword na wie die Israeliete opgekyk het. Maar is dit die soort leier wat die Here vir sy volk wil hê?

Om hierdie vraag te antwoord, moet ons maar die paadjie volg wat Gideon bewandel het. Van waar ons vanoggend begin lees het, sien ons nog hoe Gideon die Here voluit vertrou en gehoorsaam. Gideon en die driehonderd man by hom het nie enige wapens by hulle gehad nie. Op bevel van die Here het hulle net kruike met brandende fakkels daarin en elkeen het 'n ramshoring en sy eie stem. Die enigste militêre aksie wat Gideon-hulle geneem het, was om rondom die kamp van die Midianiete stelling in te neem in die middel van die nag.

Toe Gideon-hulle presies gedoen het – wat ek glo die opdrag van die Here aan Gideon was – het die Here die oorlog vir Israel gevoer. Hy het die Midianiete se swaard teen hulleself gedraai sodat 'n klomp van hulle mekaar daar in die kamp afgemaai het. Die Midianiete wat gevlug het, is agternagesit deur manskappe uit Naftali, Aser en Manasse. Die oproep het na Efraim uitgegaan en hulle het 'n groot klomp Midianiete – onder andere twee generaals – doodgemaak waar hulle die Midianiete voorgelê het by die Jordaanrivier.

Aan die begin van Rigters 8 ontmoet ons Gideon as 'n goeie diplomaat. Die Efraimiete is baie ongelukkig omdat Gideon hulle nie met die eerste veldslag al opgeroep het nie. Om broedertwis en 'n burgeroorlog te voorkom het Gideon 'n diplomatiëse antwoord aan die Efraimiete gegee. Gideon se sagte antwoord het die gemoedere van die Efraimiete laat bedaar. Alhoewel Gideon daarin slaag om Efraim van hulle woede te laat afsien, maak Gideon geen melding van die Here se opdrag aan hom oor die driehonderd man nie.

Daarna het Gideon en die driehonderd man by hom oor die Jordaan getrek om die oorblywende Midianiete te agtervolg. By Sukkot en Pnuel se mense het Gideon kos gevra vir sy manne. Maar die Israeliete in hierdie twee stede het geweier om vir Gideon te help. In 'n mate kan 'n mens verstaan hoekom die mense van Sukkot en Pnuel nie gretig was om vir Gideon te help nie. Hulle was nog nie seker van die oorwinning wat Gideon al behaal het nie. Hulle weet ook nie van die Here se belofte aan Gideon nie. Gideon lig hulle ook nie in oor die Here se belofte nie. Hy dreig hulle. En op die ou end het Gideon nie geskroom om hierdie volksgenote te verneder en selfs dood te maak nie. Hoekom? Omdat hy nie gekry het waarvoor hy gevra het nie.

Met militêre vernuf het Gideon en sy driehonderd man die oorblywende vyftienduisend Midianiete in 'n verrassingsaanval oorweldig. Die Midianiete het nie gedink Gideon sal dit waag om sover buite Israel se grens hulle te agtervolg nie. Dan doen Gideon nog iets vreemds – hy maak nie die twee konings dood nie, maar vat hulle saam met hom as trofee na sy land toe. Met hulle in boeie het Gideon geparadeer om te wys wat hy reggekry het.

Daar in sy eie land tussen sy eie mense vra Gideon die twee konings uit oor die mense wat hulle by Tabor doodgemaak het. Toe Gideon verneem dat hulle sy eie broers doodgemaak het, het Gideon wraak geneem. Eers wou hy hulle verneder deur hulle te laat doodmaak deur sy seun. Toe die seun niks doen nie, sê die twee konings veelseggende woorde vir Gideon:

Kom jy, bring jy ons om die lewe. 'n Man se krag lê in homself.
(Rigters 8:21a AFR83)

Gideon het homself soos 'n ware held onder mense gehandhaaf. Hy het die konings doodgemaak en van hulle skatte vir homself gevat. Vir Israel was dit genoeg om hulle te oortuig dat Gideon oor hulle moet regeer. Hulle wil hom koning laat wees oor hulle en na hom moet Gideon se nageslag oor hulle heers. Gideon doen dan darem nog iets wat reg is. Hy sê dat hy nie oor hulle wil heers nie. Die Here sal oor julle heers, sê hy. As die verhaal maar hier en so geëindig het, sou dit goed wees. Maar dit eindig nie hier nie.

Gideon het van die goue ringe wat die manskappe aan hom gegee het 'n skouerkleed gemaak. Uit Eksodus 28 weet ons dat daar 'n skouerkleed – ook genoem 'n efod – vir Aäron gemaak moes word. Dit was deel van sy amptelike hoëpriesterlike uitrusting. Dit lyk asof Gideon hier 'n namaaksel van die hoëpriester se skouerkleed gemaak het, want die hele Israel het dit agternagehoereer. Hulle het hulle eie manier van diens aan die Here begin volg. Gideon het homself die amptelike werk van die hoëpriester aangematig.

Dit is waar dat die priesters in diens van die Here in die tyd van die rigters nie hulle werk behoorlik gedoen het nie. So vroeg as in Rigters 2 het ons al gelees dat daar 'n geslag Israeliete geleef het wat nie die Here geken het nie (Rig 2:10). En as 'n mens onthou hoe dit gegaan het toe Eli en sy seuns priesters was – dit was aan die einde van die rigtertyd – kan 'n mens verstaan dat die geloofsleiers in algehele wanorde was (vgl. 1 Sam 2:11-36). Maar dit gee nie aan Gideon die reg om sommer die plek van die priester in te neem nie. Sy optrede het nie 'n verbetering gebring nie, maar net groter wanorde. Die hele Israel het deur sy toedoen ontrou geword aan die Here.

Gideon het nou wel duidelik gesê dat hy nie as koning oor Israel wil regeer nie, maar hy het die res van sy lewe soos 'n koning gaan leef. Hy het baie vrouens gehad wat sewentig seuns aan hom gegee het. Hy het selfs ook 'n byvrou uit die Kanaäniete vir hom geneem. En die seun wat hy by die byvrou gehad het, het hy Abimeleg genoem. Abimeleg beteken *my vader is koning*. En die uiteinde van Israel se lewe na Gideon se dood is dat dit slegter gegaan het as voorheen. Hulle het die Baäls gedien en van Baäl-Berit vir hulle 'n god gemaak. Die naam *Berit* beteken *verbond*. Israel het nou sommer die Here se werk en sy Naam op 'n afgod oorgedra. Na Gideon het die toestand op elke gebied vir Israel net verder versleg.

Ons het gevra: Hoe kon dit gebeur het? Daar is nou al verwys na die oënskynlike vordering wat daar by Gideon plaasgevind het. In Rigters 8 tree Gideon na vore as 'n leier na wie die wêreld graag opkyk. Maar wat het binne-in Gideon self plaasgevind? Gideon het homself van die Here losgemaak. Kyk net hoeveel keer was Gideon voor die oorlog met die Midia-niete in gesprek met die Here. Maar sodra Gideon agterkom hoe die Midianiete in sy hand val, praat hy nie weer een keer met die Here nie. Toe Gideon sien dat die Here sy beloftes aan hom vervul, het Gideon die Here se agenda vir sy volk gekoop en sy eie agenda op-gestel. Gideon het homself wysgemaak dat hy nou op sy eie kan aangaan en meer mag doen as waarvoor die Here hom aangestel het en die gevolg ... die uiteinde was groter ellende as voorheen. Gideon wat in sy eie oë nou so groot geword het, het die Here voor die oë van die volk verduister. Hy het 'n hindernis geword in die volk se diens aan die Here.

Broer, suster en kind, die Heilige Gees deel op bevel van God die gawes aan elke kind van die Here uit. In 1 Korintiërs 12 gebruik Paulus die beeld van die liggaam. Daarmee verduidelik die Heilige Gees aan die gemeente van die Here hoe dit in die gemeente behoort te werk. Aan elke lidmaat van Hom gee die Here 'n gawe of gawes wat hy en sy in die ge-meente moet aanwend – in die eerste plek om God daarmee te verheerlik en in die tweede plek om die res van die gemeente daarmee te dien.

In daardie gedeelte in 1 Korintiërs 12 word dit dan duidelik dat elke lidmaat van die Here Jesus sy besondere plek en taak in die gemeente het. En die een kan nie sommer die werk oorneem van 'n ander een omdat hy dit graag wil doen of omdat hy sien die ander een doen nie sy werk behoorlik nie. As die Here nie aan jou die gawe gegee het om daardie besondere werk te doen nie en jy probeer dit doen, gaan jy 'n gemors daarvan maak. Gideon het 'n gemors gemaak toe hy begin doen het waarvoor hy nie geroep was nie. Maar dit het begin toe hy gedink het dat hy nou by die Here kan oorneem en homself nie meer nederig voor die Here stel nie.

Geen mens kan by die Here oorneem in wat die Here alleen doen nie. Die Here Jesus het nie na hierdie wêreld gekom net om die mens so 'n stootjie te gee dat hy nou op sy eie verder kan gaan totdat hy heeltemal verlos is en 'n plek in die koninkryk van God vir hom verwerf het nie. Die verlossing bly die Here Jesus se werk alleen. Hy doen dit volmaak en volkome. Hy laat niks agterweë wat jy of ek agterna moet klaarmaak nie.

Christus het jou uit die mag van die sonde en die heerskappy van die duiwel verlos. Die Heilige Gees is besig om die beeld van God in jou te herstel omdat Christus jou verlos het. En die Here het jou aangestel as 'n pa of 'n ma in die huisgesin. In die gemeente het Hy jou miskien aangestel as diaken of ouderling of lid van 'n kommissie. Hy het vir jou die gawes gegee om in watter posisie Hy jou ook al gestel het sy beeld te vertoon, maar nooit om sy plek in enige mens se lewe in te neem nie. Christus alleen bly die Hoof van die kerk en die Koning in elke huisgesin.

Laat elkeen van ons die werk doen waarvoor die Here ons geroep het. Laat ons mekaar aanspoor en aanmoedig en, as dit nodig is, vermaan om ons werk in diens van die Here behoorlik te doen. Watter werk elkeen van ons ook al in diens van die Here doen – ons moenie die Here voor die oë van ander mense verduister nie – ons moet ander heenwys na die Here toe. Mag die woorde van Johannes die Doper waar wees van elke ware gelowige in verband met die werk hulle moet doen –

(Christus) moet meer word en ek minder. (Johannes 3:30 AFR83)

Amen!

Slotgebed

Psalm 131:1, 2, 3 (p. 643)

- 1 My hart is nie hoogmoedig, HEER! / My oog nie trots nie ; ek verkeer,
ek wandel nie in wat te groot, / te diep is vir u gunsgenoot.
- 2 Voorwaar my siel is in my stil, / weer een met God se heil'ge wil.
Net soos 'n kind, tevrede by / sy moeder, is my siel in my.
- 3 Laat Isr'el op die HEER vertrou, / sy hoop op Gods ontferming bou,
en stil berus in sy beleid / van nou af tot in ewigheid.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

2 Desember 2018